Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

DIE O.B.


5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 6 Maart 1946. No. 15.

# O.B. Bly Sy Roeping Getrou Sê K.G.

*MEER AS VYFDUISEND MENSE HET DIE VRYHEIDSFEES TER HERDENKING AAN AMAJUBA OP KLIPKOPPIES, PRETORIA, VERLEDE SATERDAG BYGEWOON, WAAR DIE KOMDT.-GENL., DR. J. F. J. VAN RENSBURG, AS SPREKER OPGETREE HET.*

Die Kommandant-generaal het in sy toespraak verwys na die vervolgsug wat ook in ons land uitgebreek het waar die koppe van die Ossewabrandwag op 'n skinkbord geëis word, en gesê:

**„Die houding van die O.B. was nog steeds en is vandag nog dat hy met die Empire innerlik gebreek het. Finaal weg vir altyd en dat hy die heil van hierdie volk sien in die oprigting van 'n republikeinse Gesagstaat. As dit dan 'n oorlogsmisdadiger is om so te voel en so te handel, dan vra hy geen verskoning nie en as hy daarvoor gestraf moet word, is dit vir hom geen straf nie. Dit is**



**vir hom sy roeping in hierdie dae van Afrikaner-vervolging en jingo-hoogty.**

Ons is nie blind nie en vir elkeen was dit duidelik dat die parlementêre woordvoerders 'n sondebok soek in die Ossewabrandwag. Hierdie beweging is by name genoem, sowel deur Sy Majesteit se regering as deur Sy Majesteit se opposisie; deur ene Marwick namens die Britse Jingo's en deur ene Morris Kentridge (gebore Moses Kantorowitz) namens die Jode, asook deur ene Strydom namens Sy Majesteit se opposisie.

**Verder is dit vir elkeen duidelik dat daar hewige druk op die hoof van die regering uitgeoefen word om 'n nuwe Slagtersnek of iets dergeliks te laat plaasvind.** Die verantwoordelikheid vir die eventuele beslissing berus natuurlik nie by die skreeuers en opruiers nie, maar in die laaste instansie by die hoof van die regering self, en niemand wat self verantwoordelikheidsbesef het, kan aan hom voorskryf hoe hy moet handel nie; seer sekerlik kan die Ossewabrandwag nie aan die outoriteite dikteer nie — hulle moet handel na die oordeel en die oorleg wat hulle het. **Maar aan die opruiers en aanhitsers uit Natal en uit Jerusalem sê ons, dat as hulle dan wil eis dat ook hierdie generasie van die Afrikanervolk die beker moet drink wat hulle hom in die verlede so dikwels aan die lippe gedruk het, dan sal daar hande wees om na daardie beker te gryp, en daarmee drink die slagoffers op die ondergang van die Empire wat nog geen geslag van ons volk die beker gespaar het nie. Die hef is in hul hande en ook die verantwoordelikheid.**

Dis nie ons wat die oorlog gesoek het nie, dis hulle. Ons wou nie kant kies nie; saam

(Vervolg op bls. 8, kol 5)

# ERNSTIGE KRISIS TUSSEN GROTES

**Die verbreking deur Rusland van die Driemoondhede-verdrag om sy troepe voor 2 Maart uit Persië terug te trek, het ten gevolge gehad dat die Amerikaanse houding teenoor Rusland in die afgelope paar dae plotseling verhard het, berig Sapa uit Washington, en hierdie veranderde houding word deur al die vernaamste koerante goedgekeur.**

Uit Londen word berig dat Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake die vakansie onderbreek en haastig teruggekeer het om die nuwe krisis tussen die Drie Grotes te hanteer. **Die krisis word in diplomatieke kringe beskou as die grootste sedert die oorlog, omdat dit hier gaan om die openlike verbreking van 'n verdrag en nie oor die willekeurige vertolking van ooreenkomste nie.**

Die Amerikaanse minister van buitelandse sake, James Byrnes, het hom in 'n toespraak ook skerp uitgelaat teen die eiegeregtigde optrede van Rusland in Mantsjoerye en gesê dat daar nie toegelaat kan word dat een moondheid vat net wat hy wil van die verslaande vyande nie.

Inmiddels word berig dat Rusland sy troepe in Mantsjoerye versterk, terwyl die Russiese handlanger Tito reeds 'n tiental divisies op die Italiaanse grens by Triest saamgetrek het.

## HOU WAPENS REG SÊ STALIN

**„Alle soldate van die Rooi Leër moet onversaagd die krygskuns bestudeer, hulle wapens leer ken en hulle leerpligte getrou nakom. Van die offisiere word nou, soos nooit te vore nie, verwag om hulle ondergeskiktes doeltreffend op te lei en af te rig. Die landgrense van die Sowjet-Unie moet onaangetas gelaat word. In die vredestydse omstandighede is dit die eerste taak van die Rooi Leër om sonder uitsondering hulle militêre en politieke kennis blink te skuur," aldus die dagbevel van Josef Stalin aan die Rooi Leër op sy 28ste verjaardag.**

# LIEWER DOOD AS ONDER RUSSE



**Duitse soldate wat na Swede gevlug het, het onlangs op groot skaal pogings tot selfmoord aangewend toe hulle op aandrang van Rusland deur die Sweedse owerheid uitgelewer is. Op die foto is 'n groep Duitsers te sien wat 'n kring in die middel van hul kamp vorm by die aankoms van die Sweedse polisie. 'n Oomblik nadat die foto geneem is, het hulle probeer selfmoord pleeg deur hulself met messe te steek en gif te drink. Vir hulle was die dood verkiesliker as gevangeskap onder die Russe.**

# Sowjet Breek Verdrag

Rusland het geweier om al sy troepe uit Iran terug te trek nieteenstaande die Brits-Amerikaans-Russiese verdrag van 1942 waar ooreengekom is dat die troepe van hierdie drie lande na die afloop van die oorlog uit Iran teruggetrek sal word. Amerikaanse en Britse troepe het reeds die land verlaat, maar Rusland het te kenne gegee dat sy troepe alleen sekere dele van die land sal ontruim.

Hierdie agressiewe houding van Rusland het groot verontrusting in Britse amptelike kringe veroorsaak. Die Russe beset Iran van Azerbaijan in die noorde, al langs die Kaspiese see tot by Teheran.

**Die Russiese stap wek veral verbasing omdat hy op die afgelope vergadering van die Veiligheidsraad so sterk daarop gestaan het dat die troepe van ander moondhede in vreemde gebiede teruggetrek moet word.** Die Russiese houding is 'n direkte verbreking van die Teheran-verdrag, en 'n weerspreking van sy houding op die Veiligheidsraad.

James Byrnes, Amerikaanse minister van buitelandse sake, het hom genoodsaak gevoel om die mening uit te spreek dat die Geallieerdes geen reg het om hulle troepe in vreemde lan-

(Vervolg in kol. 5)

(Vervolg van kol. 3)

de te laat bly nie. **Hy het daarop gewys dat hulle moet voorkom dat daar 'n strategiese oorlog aan die gang gesit word wat die vrede in gevaar stel.** Hy het paniekerig aangevoer dat daar niks is wat 'n oorlog tussen die groot moondhede regverdig nie.


# Duitse Slawe Na Palestina

**Duitse slawewerkers sal eersdaags na Palestina gebring word, maar die Jode verset hulle daarteen, lui 'n berig in die Jewish Herald.**

**Verklaar word dat die Britse militêre owerheid ten spyte van Joodse protes besluit het om Duitse gevangenes na Palestina te bring om daar in militêre kampe te werk. Die kampe word reeds opgerig.**

**Hoewel dit klaarblyklik 'n verdere stap van die Britse owerheid is in sy wraakneming op Duitsers deur hulle na 'n Joodse land te stuur as slawewerkers, neem die Jode dit nie in hierdie lig op nie, maar beskou dit as 'n aanklag op hul eie arbeid. Die berig lui:**

**„Die stap is as 'n regstreekse klap vir die „Yishuv" bedoel. Die moontlike vervanging van Joodse arbeiders deur slawewerkers word as van sekondêre belang beskou."**



J. v. d. Sandt.

'n Mooi Ontwikkelde Liggaam en Reusekrag soos dié van leerling Van der Sandt kan slegs verkry word deur die Regte Metodes van Oefeninge te volg.

**JOHAN HEFER kan u ook help met u LIGGAAMSONTWIKKELING. Skryf om nadere besonderhede of vul hierdie koepon in en pos dit aan:**

**JOHAN HEFER, Posbus 3494, KAAPSTAD.**

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

NAAM ..............................

ADRES ..............................

..............................

# Liewer Hongersnood As Wit Brood!

**Ondanks die feit dat die Unie 'n paar weke gelede 'n afvaardiging na Londen gestuur het om koring vir die land te vra, en dit bekend is dat Suid-Afrika 'n tekort van nagenoeg 'n kwartmiljoen ton koring het, is 'n aanbod uit Amerika vir die invoer van 100,000 ton fynmeel onlangs van die hand gewys.**

Die aanbod is gedoen aan 'n bekende Johannesburgse maatskappy, maar dit moes laat vaar word weens die amptelike getalm om die nodige verlof vir die invoer toe te staan.

Hierdie geval herinner aan wat verlede jaar gebeur het met 'n soortgelyke aanbod uit Kanada. Die Unie wou 'n miljoen sak koring daarvandaan invoer, maar Kanada het aangebied om meelblom te lewer. **Dit is van die hand gewys en die publiek glo vandag nog dat dit gedoen is omdat daar 'n verbod op die binnelandse gebruik van gesifde meel is.**

## FINSE LEIERS TRONK-TOE

'n Aantal Finse leiers, waaronder dr. Risto Ryti, vorige president van Finland, is veroordeel omdat hulle aan die kant van Duitsland teen Rusland in die oorlog gegaan het. Dr. Ryti is tot tien jaar tronkstraf gevonnis terwyl die vorige eerste minister tot ses jaar veroordeel is. Die aanklag teen hulle is dat hulle toetrede tot die oorlog in 1941 'n teenwerking was van die poging om vrede te bewerkstellig in Europa.

## NIE-BLANKE SOLDATE

Daar is nog 'n totaal van 31,552 nie-blanke soldate in die leër. Sowat 3,166 is reeds gedemobiliseer. Altesaam is daar tot die einde van 1945 £30,042,873 aan nie-blanke soldate uitbetaal.


PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(EIENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND

ALGEMENE HANDELAAR
en
PRODUKTE-KOPER
S. J. KRYNAUW
vir
Kruideniersware teen die billikste pryse.
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. Garcia- en Nuwestraat.
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars
Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

ELKE MAN
VERLANG 'N PAK KLERE
WAARIN HY TUIS VOEL
Alleen sulke Pakke word verskaf deur
VAN ZYLS
MANSUITRUSTERS
MONSTERS EN MAATVORMS OP AANVRAAG
HOOFWEG — PAARL

PRESIDENT MOTORS
BEPERK
vra:
Kies Vandag !!
óf Moontlike Kapitaal-Appresiasie deur Gewone Aandele
óf Gewaarborgde 5 pst. Dividend deur Preferente Aandele

| | |
|---|---|
| 300,000 Gewone Aandele, 5/- elk .. .. .. .. | £75,000 |
| 25,000 Akkumulatiewe Preferente, £1 elk .. | 25,000 |
| Huidige Geoutoriseerde Kapitaal .. .. .. .. | 100,000 |
| Reeds Uitgegee 46,000 Gewone .. .. .. .. | 11,500 |

Geen KONTROLE !!!
SPESIALE STEMREGTE !!!
Agente vir General Motors — CHEVROLET, BUICK, ens., te Bloemhof en Schweizer-Reneke. Ander dorpe volg binnekort. — Gespesialiseerde Tweedehandse Handel in Johannesburg.
Direksie: Dr. Phil J. Botma, Best. Dir.; Ben. J. Pienaar, Voors.; Ryk Nagel en Adv. D. F. du Toit.
Doen aansoek by:
DIE SEKRETARIS — Bus 7638 — JOHANNESBURG.
Die geleentheid waarop u Gewag het


# VOLKSPOLITIEKE AKSIE NOU NODIG SÊ A.K.G.

# Amajuba Herdenk

**„Die taak van die Ossewabrandwag in die na-oorlogse wêreld, — waar die bolsjewisme ook deur die bloed van ons seuns nader aan ons getrek is, en bloeddorstige politici hul vervolgsug bevredig in die vernietiging van hulle vyande, — het nie verminder nie maar gewigtiger geword. Die oes van die oorlog het getuig dat die ingeslane weg van die O.B. die regte was en dat ons standpunt geregverdig is," het die Adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, voor die Brandwagte van die Skiereiland verklaar by geleentheid van Vryheidsdagviering op 27 Feb. in die Ebenezer-saal, Maitland. 'n Geesdriftige skare het die met O.B.-vaandel versierde saal gevul.**



„Uit die chaos van die tyd", het die Adjunk-K.G. verklaar, „moet noodwendig sin en regskapenheid gebore word en dit sal die taak van die O.B. wees om toe te sien dat die heersende toestand in ons vaderland beëindig word. **Die taak van die Ossewabrandwag sal wees om af te stuur op volkspolitiek in plaas van partypolitiek. Dis nodig dat ons op die politieke gebied hergroepeer en 'n toestand skep waarin dit vir die volk moontlik is om saam te leef soos broers. Ons het hierdie beleid aan die politieke deure van die wêreld gespyker, nl. dat die landsbestuur op die lewenskringe en beroepe van die organiese volk gegrond moet wees.** Ons wil nie 'n staat hê waar die volk mekaar op 'n barbaarse wyse beveg en verdoem soos nou weer in Caledon nie," het generaal Smith verklaar.

Ons wil 'n regering hê wat gegrond is, nie op politieke partye nie, maar op sulke organisasies waarsonder geen staat kan voortbestaan nie — **die georganiseerde en lewensbelangrike bedrywe, beroepe en roepings.**

### DIE MIDDELS

Die middels om hierdie doel te bereik, kan so opgesom word:

(1) **Die stigting van 'n partylose pers.**

(2) **Direkte politieke aksie**, deur

(a) Op die parlementêre gebied 'n **Volksfront** te bewerkstellig deur die party wat samewerking daartoe uitsluit, te beveg.

(b) **Buite-parlementêre aksie** — die enigste wat nog ooit 'n volk uit 'n toestand van chaos en partytwis gered het en die enigste middel is waardeur 'n volk sy vryheid verkry.

Die geleentheid hiervoor moet ons skep, of help bewerkstellig. Die tyd word ryp namate die huidige toestand versleg.

„Ons moet oorgaan tot onmiddellike politieke aksie, maar dit beteken nie dat ons agter partystembusse aanloop waar hulle baklei oor die kwessie of daar op hul vergaderings vrae beantwoord moet word nie, maar dat die volksbelang op die voorgrond gestel word. As u u hulp aan die partye onthou, steun u die volksfront," het spreker gesê.

Die buite-parlementêre aksie sal die volk red uit die chaos waarin hy vandag verkeer. **Geen volk is nog ooit gered langs die weg van parlementêre aksie nie. Alleen deur die samesnoering van diegene wat Suid-Afrika aangeneem het as vaderland en deur weg te breek van die Britse parlementêre stelsel kan ons die land red uit die wanorde waarin die regering dit gestort het.**

### STOFLIKE WAARDES

„Ons stry nie alleen 'n stryd om geestelike waardes nie, maar ook om stoflike waardes. Ons is belet om oor ons eie ekonomiese toekoms vandag te besluit, en word uitgesuig vir Moskouse oorwinnings. Die tyd is besig om ryp te word. Elke dag wat ons na vore gaan, roep die plig luider. Veg en stry as organisasie buite die partye. Ons as Ossewabrandwag hou die krag en balans omdat dit nie in die partye te vinde is nie. Ons sal aanhou stry totdat ons weer vry is," het generaal Smith besluit.

### GENL. VAN ZYL

In sy toespraak het genl. dr. F. D. du Toit van Zyl verklaar dat ons die geskiedkundige taak wat op Amajuba begin is, sal voortsit. Daar sal altyd besieling uitgaan van hierdie dag.

Hy het namens die Beweging afskeid geneem van genle. mev. J. S. du Toit wat weens gesondheidsredes haar amp as hoofvrou van Kaapland neerlê. „As die geskiedenis ooit plek gee aan die Ossewabrandwag, sal hy plek verleen aan haar wat met soveel toegewydheid in diens van haar volk gearbei het," het hy gesê.

Genl. Van Zyl het daarop gewys dat genle. Du Toit vir drie groot dinge in die Beweging verantwoordelik is. Dit is deur haar toedoen dat 8 Augustus elke jaar gevier en by hierdie geleentheid fondse ingesamel word om die Beweging te sterk. Ook die opening van die Vriendskapsentrum van die O.B. waar Brandwagte en hulle vriende gesellig verkeer, is haar werk. Haar grootste bydrae is die wit rok van die vroue. Die gedagte het by haar ontstaan. **„Dit is die vertolking van die O.B.-gees waar ons nie onderskeid maak tussen Afrikaners nie."**

Genle. Du Toit het hierop geantwoord en gesê dat sy die werk van die hoofvrou nie meer kon volhou nie. Nogtans bly haar kragte tot beskikking van die O.B. Sy het die eenheid van die volk beklemtoon en gesê ons ken geen onderskeid tussen arm en ryk Afrikaners nie. Ons erken geen klasse tussen Afrikaners nie, want wanneer die volk ly, ly nie hierdie of daardie klas of party nie, maar die volk as geheel. Dis nie net die persone wat teen die regering is wat sal ly as daar hongersnood heers nie, maar ook die ondersteuners van die regering — blankes sowel as nie-blankes. Teenoor laasgenoemde het ons ook 'n plig. Die omstandigheid waarin die naturel leef maak hom dikwels teen sy sin kommunisties en hy word 'n gevaar vir die volk. **Dit is ons plig om toe te sien dat die regte toestande geskep word sodat die naturel en die kleurling in sy eie rigting kan ontwikkel, want ook hulle is van belang in die ekonomiese ontwikkeling van die land.**

Komdte. Botha het aan genle. Du Toit 'n O.B.-vandel waaraan duisende Brandwagte gewerk het, oorhandig. Namens die Boerejeug is haar ook 'n ruiker aangebied.

Die verrigtinge gedurende die aand is gekenmerk deur dissipline en sierlikheid.

Na die toesprake beëindig is, is die Amajuba-kantate — 'n werk van dr. Willie Pienaar wat self teenwoordig was — opgevoer. Die O.B.-blaasorkes wat gedurende verskeie stadiums opgetree het, het die regte atmosfeer geskep en die deelnemers het hulle goed van hulle taak gekwyt.

Ten slotte is die offers opgeneem aan die voet van die Vryheidsfakkel, waar die gelofte voorgelees is deur die Adjunk K.G. in doodse en eerbiedige stilte. 'n Voorlopige bedrag van £100 is ingesamel.

# DUITSERS MAG NET AARTAPPELS EET

# Handel Word Beperk

**Wat Duitsland mag produseer en nie produseer nie, as straf vir sy deelname aan die oorlog, word vervat in 'n verklaring uitgereik deur die Geallieerde Kommissie van Beheer.**

**Volgens die besluit van die kommissie sal die Duitsers voortaan moet lewe van aartappels en graan-gewasse, terwyl die invoer van vetsoorte beperk sal word.**

Die vervaardiging van industriële produkte soos sintetiese petrol, rubber, ammoniak en die verskaffing van swaar masjinerie sal heeltemal in die ban gedoen word, terwyl noodsaaklike chemikalieë net vir binnelandse behoeftes vervaardig mag word. Geen motors mag uitgevoer word nie.

Hierdie beperkings lyk baie meer op 'n lompe poging van die Geallieerdes om alle mededinging van Duitsland op die wêreldmark uit te skakel as op skadevergoedingsmaatreëls.

# Wou Self Rebelleer As Besluit Anders Was

Die K.G. skryf as volg na aanleiding van die geroep insake oorlogsmisdadigers in ons land:

As landsake kritiek word en die regering van 'n land vind dit moeilik om die volk se aandag van die misstande en regeringsflaters af te lei, was dit altyd 'n geliefkoosde taktiek om die oorlogspsigose van die volk op te sweep en desnoods tot oorlog oor te gaan. „Gee hulle 'n buitelandse vyand om te haat en dan vergeet hulle die binnelandse knoeier-regering", so was die redenasie.

Meer as een oorlog het al uit hierdie noodsaaklikheid gevloei. **Maar wat as die regering juis deur 'n oorlog gehaat geraak het? Watter redmiddel moet DAN na gegryp word, as die volk juis sat en siek van die oorlog is en die vrede het weer „uitgebreek"?** Die Angelsaksiese en Russiese regerings het ook hier 'n uitweg gevind, 'n nuwe afleidingsgogga, OORLOGSMISDADIGERS! As die volkere juis vir die oorlog sat is, verbind dan die vyand wat jy wil uitdelg met die oorlog wat jy verklaar het en maak HUL die oorlogsmisdadigers: hou klughowe, basuin aan die wêreld uit hoe gemeen en hoe wreed hulle was . . . en dan vergeet die volk sy kosmoeilikhede. **Laat hom leef op haat . . . as jy te sleg is om vir hom brood te kry! Siedaar die redenasie van die menere wat nou as „regters", „aanklaers" en . . . laksmanne oor die oorweldigde vyand wil sit. En as jy tienduisend Poolse offisiere in die bos van Kattyn vermoor het . . kla dan die vyand aan dat hy dit gedoen het. Aangesien jy nie net die aanklaers is nie maar tewens ook die regter, sal jy jouself wel kan oortuig van die ander man se skuld; So, ongeveer, loop die redenasie.**

### „ANTI-OORLOGS-MISDADIGERS"

Maar wat die klug in ons eie land nog sotter maak is dat die kreet teen die Suid-Afrikaanse „Oorlogsmisdadigers" juis vanuit die oorlogvoerende element opgehef word teen die anti-oorlogse elemente. Die mense wat TEEN die oorlog was . . . . hulle is skuldig aan die oorlog!

Kan die helderste waansin nog verder gaan as dit? Of is dit die toppunt van bloedige sinisme?

Nee, dit is nie die toppunt nie. Die sinisme kan nog 'n trappie verder gaan. Net 'n verblinde Engelse jingoïsme kon selfs hierdie dolheid oortref en hy het dit reggekry, sodat 'n ontwikkeling wat walgelik kon geword het op die ou end . . . komieklik was!

Die parlementêre mosie om die uitruikery ook hier te begin het sy oorsprong in die brein van 'n vervelende en tipiese Natalse Boerehater wat nou die anti-oorlogselement in Suid-Afrika na die beskuldigdedok wil laat aanjaag . . . as „oorlogsmisdadigers".

Alle partye het heen en weer geklets; g'n een het van die ander gehou nie maar op een punt was hulle dit roerend eens, naamlik dat die Ossewabrandwag 'n sondebok sonder weerga is. Maar almal het een wesenlike punt misgekyk. **Nòg sy Majesteit se Regering, nòg sy Majesteit se Opposisie het iets te sê gehad daaroor dat die man wat die mosie ingedien het — ene Marwick — die man was wat na vier September 1939 in die Volksraad openlik gesê het dat daar burgeroorlog in Suid-Afrika sou kom as die parlement se stemming anders uitgeval het!**

### VOORKOM

Dis hierdie soort mentaliteit wat nog sal veroorsaak dat daar elke keer burgeroorlog sal kom indien ons wel in 'n Empire-oorlog gesleep word. As daar in die jare 1939-'45 nie burgeroorlog was nie dan is dit nie aan die meneer te danke nie. **Wel is dit te danke aan die dissipline en leiding van die sondebok oor wie alle partye roerend eens was in die volksraad terwyl hulle die „oorlogsmisdadigers" bespreek het . . . en vergeet het dat die man wat die mosie indien die man is wat na 4 September van „burgeroorlog" geklets het as Generaal Hertzog en die anti-oorlogselement die dag sou gewen het.**

### KOMENDE INKWISISIE

Dit sal terloops ook in die geskiedenis later onthou word dat hierdie vreemdeling uit Natal waardiglik ondersteun is in sy mosie om anti-oorlog en anti-Empire Afrikaners te laat uitruik. **En wel deur 'n vreemdeling uit Jerusalem. Deur ene Morris Kentrige, gebore Moses Kantorowitz.**

**'n Tweeledige simbool van Brits - Joodse Imperialisme wat vanaf die dae van Rhodes en Barney Barnato getrag het om hul hiele op Afrikanernekke te sit.**

Die meneer wat op 4 September 1939 van „burgeroorlog" gepraat het, as hy nie sy Imperiale oorlog kan kry nie, en die meneer wat op die naam Kantorowitz so trots was dat hy . . . dit in Kentridge laat verander het.

**Die komende Inkwisisie van die Afrikanerdom!**

# Konstitusionele Geweldpleging

**Die bittere verkiesingsveldtog van 1938, het soos alle partypolitieke verkiesings, nie gegaan oor die oplossing van ons volksprobleme soos die armblankevraagstuk, die verbreking van die Britse konneksie of die verkryging van 'n republiek nie, maar oor 'n sekere plakkaat wat deur een van die partye destyds versprei is. Die toestand het homself weereens in Caledon herhaal in die afgelope verkiesingstryd in die tussenverkiesing.**

Die verspreiding van 'n pamflet en die traagheid om vrae te beantwoord was die twee hoofstrydpunte in Caledon. Van regeringskant is aangevoer dat 'n sekere pamflet van die H.N.P. die kiesers van Caledon vreeslik beledig het en dat die V.P.-kandidaat daarom hul belange beter sal verteenwoordig! Die opposisie weer het getwis oor die regering se skuheid vir vrae. 'n Kandidaat wat vrae kon beantwoord sal dus beter in staat wees om voedsel te verskaf.

Onder groot opskrifte van: **Kiesers van Caledon op gruwelike wyse beledig. Sou vatbaar wees vir omkoping,"** skryf Die Suiderstem: „Die kiesers van Caledon is op skreiende wyse deur die Gesuiwerde leiers beledig in twee spesiale pamflette wat in omloop gebring is . . ." Selfs 'n Minister het in die parlement geweeklaag oor die „ernstige insinuasie".

Die H.N.P. was weer besonder begaan oor die vrae wat die regeringskandidaat geweier het om te beantwoord. Die Burger het geskryf: **„Sap-kandidaat in sy dop teruggestoot. Mislukte proefnemings met beantwoording van vrae".** En verder: **„Twee vrae verongeluk Sap-vergadering".**


### „BEWUSTELOOS"

Die stryd tussen die twee partye is op tipies partypolitieke manier gevoer. **Op byna elke vergadering het hulle aanmekaar gespring en gekyk wie die meeste blou oë en bloedneuse kan uitdeel.** So skryf Die Burger: **„Vuishoue op Hermanus, Moeilikheid oor vrae."** 'n Paar dae later kon dieselfde blad spog met: **„Vuishoue val op Greyton. Een glad bewusteloos."**

**Wat 'n pragtige reputasie om aan die wêreld uit te basuin!**

Op die vergaderings is die sprekers uitgejou en het die vuurvreters gekyk hoe gou hulle die vergaderings uitmekaar kan laat spat en die teenstander belaglik kan laat staan voor die wêreld.

**En dit is die mense wat bang is dat die O.B.-politiek dalk geweldplegings kan meebring!**


WAARDE VIR GELD


## Nuwe Klasse Verrys In Rusland

Die leerstellings van die Marxisme was nog altyd dat daar geen klasse in die Kommunistiese paradys sal wees nie. Die Sowjet-propaganda begin nou te spog met nuwe klasse, skryf die blad Southern Cross. Volgens 'n artikel van Visjinski in die Sowjetblad Information Bullitin wat in Washington uitgegee word, is die Sowjet die wieg van die nuwe klasse. „Klasse soos daar nog nooit gewees het nie. Ons arbeiders en kollektiewe boere is in hulle sosiale aspek nuwe klasse met 'n karakter wat gevorm is deur die sosialistiese verhouding."

### „DUITSLAND SAL HERRYS"

Daar is weinig Duitse vroue wat glo dat Duitsland verslaan is, volgens die ondervraging wat Amerikaanse amptenare in die interneringskamp by Heidelberg gedoen het. Hulle glo dat Duitsland weer sal herrys onder die leiding van een of ander Nazi.


**Paarl Monumentale-Werke**
**(EIEN.) BPK.**
**Posbus 220 — Bredastraat**
**PAARL (K.P.)**

**SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS**

Direkteure:
L. A. B. Bohlman - M. Bohlman
Gevestig 1898

*Vir Deftige Tabberds*
*Twee-stuk Rokke*
*en Somerhoede*
**Kom seker eers na**

Steyns

**DIE DAMES-WINKEL**
**PAROW**


# Natalse Blad Siek Vir Huigelary

**'n Skerp veroordeling van die deelname aan die Russiese „likwideringsbeleid" deur die Westerse moondhede is verlede week gelewer deur die Natal Witness, wat blykbaar nou al genoeg van die jag op „oorlogsmisdadigers" het.** Die blad skryf na aanleiding van die veroordeling van 'n aantal Finse staatsmanne deur 'n Russiese hof omdat hulle teen Rusland geveg het vir die vryheid van hul land. Hierdie manne se houding is heeltemal verskoonbaar, verklaar hy, want Finland het nie alleen ou herinnerings van veronregting teen Rusland nie maar ook van die afgelope tyd. Aan die ander kant het hy geen sodanige gevoelens teen Duitsland gekoester nie. Op 'n tydstip toe dit vir hom feitlik onmoontlik was om neutraal te bly, het hy sy gewig aan die kant van Duitsland ingegooi. Hy het sonder twyfel verkeerd en onwys gehandel, maar al die omstandighede het daartoe bygedra dat dit die natuurlikste en onvermydelike keuse sou wees.

### PASOP!

**„Die veroordeling van Finland se sogenaamde ‚oorlogsmisdadigers' is meer as enigiets anders bereken om die denkende deel van die mensdom te oortuig dat die geregtelike stappe teen die staatsmanne van die verslane lande te dikwels gebruik word, nie om die volkereg en geregtigheid tot sy reg te laat kom nie, maar om ou rekenings te vereffen en om die oogmerke van die verowaraar te bevorder. Dit is moeilik om hierdie beginsel van ‚wee die verowerde' te versoen met die gedagte van 'n nuwe en beter wêreld van vooruitgang, en morele en stoflike welvaart wat oral so geesdriftig uitgebasuin word,"** aldus die blad.

„Die staatsmanne van die wêreld het meer rede as enig iemand anders wat die lot van die Finse ‚oorlogsmisdadigers' aanskou, om te sidder van vrees . . .

**„Daar is maar min staatsmanne in die wêreld wat nie rede het nie om te prewel: ‚Was dit nie vir die genade van God nie, dan was dit ek.' Dit is blykbaar veral gevaarlik om die Lords van die Kremlin kwaad te maak. Mnre. Bevin en Mckensie King het rede om versigtig te wees!"**

### VERNEDEREND

„Vir 'n Engelsman en Amerikaner is dit 'n waardevolle dog vernederende taak om al die Amerikaanse en Engelse tydskrifte wat gedurende die begin van die oorlog gepubliseer is, deur te blaai en op te merk hoe byna eenstemmig die Russe verdoem en die Finne geprys was. Dit was die dae van die Russies-Duitse ooreenkoms, en die stewige tydskrifte in hul waardige taal en die burgerlike pers in sy plebejiese styl het verenig in hul aanprysing van die dappere klein Finland in sy heldhaftige stryd teen die bose en onmenslike agressor, Rusland.

**„Verandering van belange het blykbaar 'n merkbare uitwerking op ons moraal en politieke oordeel gehad."**


*SCHOEMANELLO DRANK*

**Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste**

**KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE**

| | Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissies | Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn .. .. .. .. .. | 7/- | — |
| Lewenswyn .. .. .. .. .. | 3/9 | — |
| Vermouth .. .. .. .. .. .. | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail .. | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port .. | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel .. .. | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit .. | 1/9 | 8/6 |
| Wocester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) .. .. .. .. .. | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) .. .. | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soetrig) .. .. | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy .. .. .. .. .. .. | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë .. .. | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe .. .. .. .. | 8/6 | — |
| De Luxe .. .. .. .. .. .. | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal .. .. .. .. | 7/- | 37/- |
| F.C. .. .. .. .. .. .. .. .. | 6/6 | 36/- |
| Buchu .. .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **JENEWER** .. .. .. .. .. .. | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao .. .. .. .. | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos .. .. .. .. | 7/- | — |
| Naeltjie .. .. .. .. .. .. | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment .. .. .. .. | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

**5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.**

**Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na sylyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.**

**Bestel van**

**JURGENS SCHOEMAN,**
**POSBUS 142, OUDTSHOORN**

DIE O.B., WOENSDAG, 6 MAART 1946.

# Waarom Daaroor Bekommerd?

Ons glo nie dat die metode wat adv. Pirow tans volg om in die pers teregwysings aan vriendskaplike organisasies uit te deel, tot 'n gesonder verstandhouding op politieke gebied sal bydra nie. Daarvoor is daar ander kanale beskikbaar. Maar waar adv. Pirow se blad nou openlik aandring op 'n antwoord van O.B.-kant op sekere stellings wat hy neerlê, het dit miskien nodig geword om daarop te reageer.

Adv. Pirow verwyt die Ossewabrandwag dat hy „wisselvallig" is in sy standpunt ten opsigte van die parlement. Adv. Pirow sal hom egter wel nog herinner dat die O.B. in Januarie 1943 'n beleid in hierdie verband aangekondig het waarvan hy nog nie 'n woord teruggetrek of verander het nie. In daardie verklaring is die O.B.-standpunt duidelik omskryf, **nl. dat hy sy gewig by enige verkiesing sal inwerp as die nasionale groepe tot 'n ooreenkoms geraak, d.w.s. 'n volksfront vorm, hoewel hy nadruk lê op buite-parlementêre optrede.** Adv. Pirow se koukus — hy was toe nog in die parlement — het so min fout met hierdie standpunt gevind dat hy dit in 'n formele besluit ondersteun het. Toe die verkiesing ses maande later wel plaasvind, het Adv. Pirow 'n beroep op die O.B. gedoen om van hierdie standpunt af te sien en onvoorwaardelik steun aan dr. Malan te verleen, soos die Nuwe Orde trouens ook sy lede gevra het om te doen.

## STANDPUNT GEHANDHAAF

**Konsekwent het die Ossewabrandwag by sy standpunt van 'n volksfront in teenstelling met 'n partyfront gebly tot op die jongste Laertrek in Bloemfontein, waar dit opnuut bevestig en aanvaar is as toekomsbeleid van die Volksbeweging** — ondanks die feit dat adv. Pirow intussen op 4 Oktober 1945 'n beroep op die H.N.P. gedoen het om hom binne hul geledere toe te laat soos die Republikeinse Bond toegelaat was binne die ou Nasionale Party. Sy blad het toe gepraat van „hervorming van binne" in die H.N.P.

Maar nou op 21 Februarie maan adv. Pirow die O.B. weer dat hy „die hele politieke en semi-politieke terrein aan die Party (moet) oorlaat", en net op die buite-parlementêre front moet konsentreer.

Die beskuldiging van wisselvalligheid is inderdaad nie van toepassing op die Ossewabrandwag nie.

In die tweede plaas word aangedring dat die O.B. nou moet reguit sê of hy „nasionaal-sosialisties" is, ja of nee. Dit kan goed wees om daaraan te herinneer dat die breuk tussen adv. Pirow en die H.N.P. eintlik gegaan het oor die naam „nasionaal-sosialisme", want dr. Malan het verklaar dat „miskien 80 of 85 persent van die ‚nuwe orde' vervat is in die Party-program." Sommige Afrikaners het nie van die naam gehou nie omdat dit hulle aan die stelsel van 'n ander land laat dink het. Daarom het die Ossewabrandwag nog altyd gesê: **„Ons veg nie vir of teen 'n woord nie, maar ons veg vir 'n volk. Noem ons rigting wat julle wil, maar vir ons is dit nasionaal en sosiaal."** En in die woorde van prof. L. J. du Plessis op die jongste Laertrek heet dit:

**„Ons is gebind aan die hart en die lewe van die volk."**

## ONS EIE

**En daardie hart van die volk maak die O.B. nasionaal en daardie lewe van die volk maak hom sosialisties. Maar dit is die hart en die lewe van ons eie volk, en om geen misverstand te laat ontstaan oor watter volk dit is nie, verkies die O.B. om nie sy rigting met die naam te noem wat 'n ander volk reeds aan sy eie politiek gegee het,** en wat moontlik op sekere punte en rigtings strydig mag wees met die O.B. se beleidsbeginsels nie.

Wat betref adv. Pirow se konstatering dat die O.B. se beleid net duidelik is „waar dit uit die Nuwe Orde oorgeneem is", kan ons uit die toespraak van ons Leier aanhaal by die jongste Laertrek. Dr. Van Rensburg het nl. gesê dat die O.B. nie daarop aanspraak maak dat hy 'n patent of kopiereg op hierdie dinge het nie, want diegene wat meen dat hulle alleen die sleutel tot die waarheid het, besef miskien nie dat as dit waar was dat net hulle daardie pad volg, dit slegs sou bewys hoe absoluut volksvreemd hulle geword het.

**Die feit dat alle nasionaalgesinde groepe en organisasies die konsepbeginsels van die Republiek in 1941 binne die Eenheidskomitee aanvaar het, openbaar slegs hoe algemeen verbreid die rigting wat die O.B. vandag nog volg, reeds toe al was onder ons volk.**

## DANKBAAR

„Ek wil jou baie bedank dat jy ons by die O.B. laat aansluit het. Hulle het my die meeste gehelp. Ek kan hulle nie genoeg bedank nie. Ek sal die O.B. nooit verlaat nie, en ek sal doen wat ek kan om die Beweging te help, selfs tot in my gebede," skryf mev. Lenie Langenhoven aan die kommandante van Harrismith.

## S.A.S. AMPTENARE GEÏNTERNEER

Die regering het gedurende die oorlog 113 werknemers van die Spoorwegadministrasie geïnterneer. Van hulle is ses nog onder arres. Slegs 34 van hierdie manne is weer in hulle werk herstel terwyl daar vir een ander werk gevind is. Gedurende hulle internering het hulle nie in aanmerking gekom vir bevordering in die diens nie.

# Amerikaanse Sorge en Hul Implikasies

Deur Prof. Dr. J. A. WIID.

**Daar word vandag in ons Suid-Afrikaanse koerante en nuustydskrifte byna sonder uitsondering veel plekruimte aan allerlei onbenullige nietighede afgestaan. Aan 'n smerige hofsaak, aan 'n onmondige Russiese nooientjie wat beweer dat sy met 'n Suid-Afrikaanse krygsgevangene in Europa getroud is en die kêrel vanuit Rusland tot in Port Elizabeth agtervolg het om uit te vind dat hy iemand anders se man is, aan allerhande futiele verrigtinge, haarklowerye en spitsvondige slimmighede van sogenaamde demokratiese liggame soos die V.V.O., die Britse parlement en ons eie praathuis, word kolomme en kolomme gewy. Dit is egter alleen by wyse van uitsondering dat die weetgierige leser iets in ons koerante vind oor gebeurtenisse van wêreld-historiese betekenis, soos o.m. die huidige nywerheidskrisisse in die Verenigde State van Amerika. Dra die nuusagentskappe die skuld of beskou ons koerantmanne die gebeurtenisse in Amerika nie van aktuele belang nie?**

## INWENDIGE STABILITEIT

Daar bestaan vandag geen twyfel dat die Verenigde State van Amerika en Sowjet-Rusland die twee reuse onder die groot moondhede van die wêreld is nie. Geen kombinasie van moondhede is vandag sterk genoeg om met sukses teen Rusland op te tree as die V.S.A. nie 'n lid van hierdie kombinasie is nie. Ook is geen kombinasie sterk genoeg om met sukses teen die V.S.A. op te tree nie, selfs al is Rusland 'n lid van hierdie kombinasie. Dit is die resultaat van die jongste Wêreldoorlog en die vrugte van die jongste absolute oorwinning. Amerikaanse en Russiese oppermagtigheid in die wêreld is egter nie onvoorwaardelik nie. Veel sal daarvan afhang of die ná-oorlogse Amerika en Rusland daardie inwendige stabiliteit, wat gedurende die oorlog wel bestaan het en die vernaamste faktor in hul oorwinning was, sal kan handhaaf en verder ontwikkel gedurende die moeilike vredesjare wat voorlê.

## 'N VERGELYKING

Van die inwendige toestande in Sowjet-Rusland weet ons heel weinig. Die bietjie wat ons wel weet is so vertroebel deur die propaganda in die een of ander rigting, dat ons selfs van hierdie bietjie nie seker kan wees nie. Ons weet egter dat daar in Rusland geen nywerheidskrisis, veroorsaak deur grootskaalse werkstakings, bestaan nie. Lenin en Stalin het op hul eie manier, deur grootskaalse likwidasie en verbanning van hul teenstanders, daarin geslaag om 'n Bolsjewistiese vrede tussen werkgewer en werknemer te bewerkstellig en werkstakings onmoontlik te maak.

In die demokratiese V.S.A. is dit nie die geval nie. Georganiseerde werkstakings is 'n onverkwiklike kenmerk van sy nywerheidslewe, veral ná die oorlog. Op die oomblik beleef die V.S.A. die grootste arbeidstakings in sy geskiedenis. Sleutelbedrywe soos die staalnywerheid staan stil, omdat ongeveer driekwart-miljoen staalwerkers die arbeid gestaak het. Ook die reusagtige Amerikaanse motornywerheid is deur arbeidstakings ontwrig.

## DIE NYWERHEIDSKRISIS IN DIE V.S.A.

Oor die betekenis van hierdie nywerheidskrisisse in die V.S.A. kan op hierdie tydstip nog nie die laaste woord gesê word nie. Die land is groot en ryk, sy toestande veelsoortig en ingewikkeld en sy teenstellinge legio. Ons weet net dat die inwendige stabiliteit wat vir die na-oorlogse wêreldopbou so noodsaaklik is, in die V.S.A. ontbreek. Ons weet dat die lewenskoste hoog is, dat die arbeiders met hul hoë lone — hoog in vergelyking met ander lande — nie tevrede is nie. dat hulle hoër lone en minder werkure eis, dat die werkgewers nie gewillig is om aan hierdie eise te voldoen nie, en dat die werknemers dus tot georganiseerde stakings oorgaan. Wat die staalwerkers betref, het die Federale regering deur middel van pres. Truman 'n laaste poging aangewend om die dreigende staking te keer. Hy het naamlik aan die verantwoordelike hoofde van werkgewers en werknemers 'n kompromis-voorstel van 18½ sent (byna 'n sjieling) loonsverhoging per uur gemaak. Hierdie voorstel is 3½ sent hoër as die staalbase se finale aanbod van 15 sent en 1 sent laer as die staalwerkers se finale eis van 19½ sent. Laasgenoemdes het die voorstel van Truman aanvaar, terwyl die staalmagnate dit van die hand gewys het. Binne een uur is die staalstaking, die grootste staking in die geskiedenis van die V.S.A., gebore.

Dit lê voor die hand dat elke kant sy eie saak in die oë van die groot Amerikaanse publiek sal probeer regverdig. Volgens die staalbase is Truman se voorstel van 18½ sent te hoog en kan die nywerheid dit nie dra nie. Die Amerikaanse arbeiders sou misbruik maak van die besonder moeilike omstandighede wat die oorgang van oorlogs- na vredesekonomie noodwendig kenmerk, om vir hulself hoër inkomste te verkry. Volgens die staalwerkers sou die staalmagnate wat uit kolossale oorlogswinste reusagtig ryk geword het, daarop uit wees om arbeid, soos in vakunies georganiseer, te vernietig ten einde nog groter winste te behaal.

## DIE VISIEUSE KRINGLOOP

Die uitslag van hierdie reusestryd tussen kapitaal en arbeid

**Buitelandse Oorsig**

is nog onseker. Dit kan wees dat die stakers die stryd gewonne sal moet gee as hul fondse uitgeput is. Dit is egter waarskynlik dat 'n algemene loonsverhoging in Amerika voor die deur staan. Elke Amerikaner weet dat die huidige lewenskoste hoog is en dat sy dollar nie meer 'n dollar is nie. Die baie geld wat die arbeider gedurende die oorlog verdien het, is nie genoeg om in sy hoër lewenskoste te voorsien nie. Vandaar dat hy op nuwe loonsverhogings aandring. Loonsverhogings beteken volop geld en hoër lewenskoste beteken skaarste aan goedere wat met daardie geld gekoop kan word. **Volop geld en skaarste aan goedere is twee faktore wat inflasie in die hand werk.** Geen wonder dat daar vandag vooraanstaande Amerikaners is wat beweer dat inflasie nie gekeer kan word nie. Aan die ander kant weer word daar pogings aangewend om deur middel van vasgestelde en gekontroleerde pryse die gevaarlike inflasie enigsins te voorkom en die „kwaadaardige kringloop" te keer. Op die oomblik het laasgenoemdes nog maar min sukses gehad en hul stryd teen inflasie word net so hopeloos beskou as die poging van die man om die inkomende gety van die oseaan te keer.

## REPERKUSSIES

Inflasie is egter 'n relatiewe begrip en niemand sal vandag kan voorspel dat dit in Amerika die katastrofiese vorms sal aanneem soos in sommige Europese lande na die eerste Wêreldoorlog nie. Nywerheidsontwrigting en inflasie in die V.S.A. kan egter ernstige reperkussies nie alleen vir Amerika nie maar vir die hele na-oorlogse wêreld hê. Dit is moontlik dat inwendige sorge en onstabiliteit die buitelandse politiek van die V.S.A. tot magteloosheid mag doem, aan Sowjet-Rusland 'n vrye hand verleen en die weeropbou van die ontwrigte na-oorlogse wêreld langdurig vertraag.

Intussen kan net gekonstateer word dat die magtige Amerika wat deur sy Monroe-leer aan ander state sê: Hande tuis en tog self herhaaldelik inmeng in ander lande se sake, nog nie daarin geslaag het om binne sy eie grense stabiele en rustige verhoudings tussen arbeid en kapitaal te skep nie.

# VERGADERINGS

***Ons Kommandant-Generaal***

***DR. J. F. J. VAN RENSBURG***

***Spreek Openbare Vergaderings toe op die volgende plekke:***

**HEIDELBERG (K.P.)** ... ... ... **15 Maart, om 8 n.m., Stadsaal**

**CALEDON** ... ... ... ... ... **16 Maart, om 8 n.m., Blommeskuur**
(Blaasorkes tree op)

**STELLENBOSCH** ... ... ... **23 Maart, om 8 n.m., Stadsaal**
(Blaasorkes tree op)

**Dit word verwag dat Offisiere en Brandwagte genoemde vergadering sal bywoon.**

**VRIENDE EN BELANGSTELLENDES HARTLIK WELKOM.**

# Uit Die Week se Nuus

**JODE VERNIETIG VLIEGTUIE:** Joodse terroriste het verlede week altesaam 22 Britse vliegtuie vernietig toe hulle gedurende die nag drie Britse vliegvelde in Palestina aangeval het. Die aanvallers het springstowwe onder die vliegtuie gesit en weggehardloop. Op sommige plekke het daar skermutselings plaasgevind. In die grootste soektog in die geskiedenis van Palestina deur die polisie, is daar sowat 5,000 verdagte Jode gearresteer.

**DANKDAG: Die regering het versoek dat al die kerke sal meewerk om op Vrydag 15 Maart 'n dankdiens te hou vir die milde reën in groot dele van die land. Die hoop is uitgespreek dat al die dienste om 11.30 vm. gehou sal word.**

**VREDESKONFERENSIE:** Die vredeskonferensie wat volgens die bepaling van Potsdam nie later as Mei gehou moes word nie, sal waarskynlik nie voor Junie plaasvind nie, berig Sapa uit Londen. Die vertraging van die konferensie is hoofsaaklik te wyte aan die hardnekkige eise van Rusland om alleen beheer te hê oor Tripolitanië en deelname in die voogdy van Eritria. Die eise word deur Engeland, die V.S.A. en Frankryk geweier.

**RUS KRAP IN BRITSE SLAAI: Die Russiese verteenwoordiger in Egipte het aan koning Faroek meegedeel dat Rusland simpatiseer met Egipte in sy huidige toestand, berig United Press. Hy het dit gedoen net nadat die Britse verteenwoordiger 'n nota van protes afgelewer het.**

Die studente-leiers in Egipte het gedreig met 'n heilige oorlog teen Engeland as daar nie aan hulle eise voldoen word dat die Britse troepe uit die Nylgebied teruggetrek word nie. Hulle het te kenne gegee dat sabotasie-eenhede tot aksie sal oorgaan.

**VROU VERMOOR:** As gevolg van 'n ernstige aanranding is mev. Butler van Seepunt oorlede nadat sy in die Groote Schuur-hospitaal opgeneem is. Sy en 'n dertienjarige dogter is in 'n kar by Kampsbaai gevind. Hulle was albei gruwelik vermink. Die moordenaar kon tot dusver nog nie opgespoor word nie. Daar is 'n uitgebreide soektog dwarsoor die land aan die gang.

**JONG PAAR AANGERAND:** 'n Jong man en vrou is wreed aangerand naby Wynberg terwyl hulle 'n endjie gaan stap het. Hulle is skielik aangeval deur twee onbekende naturelle. Nadat hulle die man bewusteloos geslaan het, het hulle die vrou weggesleep en haar krimineel aangerand. Die aanranders is tot dusver op vrye voete.

**BEGROTING:** Die Minister van Finansies het aangekondig dat die belastingdruk op die belastingbetalers van die Unie gedurende 1946 met £16,000,000 verlig sal word. Verskeie van die lastige belastings sal verminder en afgeskaf word.

Die prys van petrol in die Unie sal as gevolg van die vermindering van die belasting daarop vier pennies goedkoper wees. Die 12½ persent toeslag op die telefoondiens sal afgeskaf word as ook die 15 persent belasting op spoorwegkaartjies.

Die spaarbelasting is opgehef sover dit getroudes betref, terwyl die ouderdom van kinders waarop 'n afslag toegestaan word by berekening van die inkomstebelasting tot 21 jaar verhoog is.

**Vir die myne het die nuwe begroting 'n groot verligting gebring. Die belastingdruk op hulle is met £3 miljoen verlig.**

**Die Minister het verklaar dat die Unie nie weer sal kan terugkeer tot sy vooroorlogse begroting nie, omdat die lopende uitgawe van die staat as gevolg van die oorlog baie meer is as voorheen. Dit is as gevolg van die rente op lenings en pensioene aan soldate.**

**DIE NA-OES:** Die regering het 'n kommissie benoem om seker te maak dat die „nasionaal-sosialisme en fascistiese ideologieë in die Unie en Suidwes nie weer sal herleef nie en om die deportasie van enige vyandsonderdaan aan te beveel en te behandel.

Die kommissie kan na goeddunke handel by die deportasie van hierdie persone en hulle verwantes.


**DIE OU GANG:** Die Suid-Afrikaanse kunsbotter wat na verwagting teen die einde van Mei beskikbaar sou wees, sal nou eers na verwag word teen September beskikbaar wees. Dit is ook nie baie seker of dit dan beskikbaar sal wees nie, het die Minister van Landbou verklaar.

Hy het gesê dat die nodige voorraad oliesaad wat nodig is vir die vervaardiging van die kunsbotter nie verkry kon word nie as gevolg van die skeepsmoeilikheid en stakings. Die regering het by die Londense voedselraad aangedring om voorrade, maar daar is tot dusver geen beslissende antwoord ontvang nie.

**HET U AL AAN U BESIGHEDE GEVRA OF HULLE IN „DIE O.B." ADVERTEER? DOEN DIT VOLGENDE KEER!**

**O.B.-LEDE SE GELD IS BELÊ IN AFRIKAANSE SAKEONDERNEMINGS. — HET U AL AAN DIE FIRMAS GEVRA OF HULLE ADVERTEER IN U BLAD?**

## Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



A. B. JOUBERT.

Gedurende Maart 1942 twee maal in hegtenis geneem. Uiteindelik ontslaan en in sy diens as bewaarder herstel. Op 26 Mei is hy weer in hegtenis geneem, geïnterneer en ontslaan in Junie 1943.

„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie."

## OORWINS OP VLEIS

Die skaarste aan vleis in die beheerde Skiereilandse gebied, skep vir sommige persone blykbaar 'n uitstekende geleentheid om 'n bietjie ekstra wins op hierdie produk te maak. Omdat die klandisie verleë is oor die stukkie vleis en omdat hulle weet dat as hulle by ander slagters sou aanklop hulle nie geholpe sal raak nie, is hulle maar genoodsaak om die buitensporige prys te betaal. Dit het onder ons aandag gekom dat 'n sekere slagter selfs nie eens bevrees is om die swartmarkprys op die kwitansie neer te skryf nie.

Toe die klant aan hom vra waarom die prys soveel hoër as gewoonlik is en dat hy geneig voel om hom te gaan aankla, het die winsmaker beduie dat hy dit maar gerus kan doen, maar dat hy daarna geen vleis sal kry nie. Hy was dus maar verplig om te swyg.

## KERKBASAAR

Die basaar van die Tafelberg-gemeente (ds. J. D. Vorster se gemeente) wat verlede Saterdag in die Hertzogsaal, Kaapstad, gehou is, het die ywer en geesdrif van die organiseerders ryklik beloon deur die mooi bedrag van £582 in te bring. Die basaar is geopen deur ds. P. du Toit, en dit is baie goed ondersteun deur die publiek.


**West se Sweis- en Ingenieurswerke**

VOORTREKKERWEG
PAROW

Foon 98389

Sweiswerk Spesialiste, Vervaardigers van Staal - motorbakke, Fynwerk Ingenieurs.

*ONS SWEISWERK STAAN ENIGE TOETS.*


## „MISDAAD" WORD UITGEBREI

In die klughof van Neurenberg het die Amerikaanse vervolger, Robert Jackson, in sy aanklag teen Duitsland sewe Nazi-organisasies as misdadig verklaar. Dit sluit die Reich se kabinet, die leierskorps van die Sosialistiese Party, die geheime diens, die Gestapo, die stormtroepe, die generale staf, en die bevelvoerendes oor die leër in.


**ROELOU BARRY**

(EDMS.) BPK.

GARAGES EN HANDELAARS

Vir Diens te:

Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale
Koebergweg, Brooklyn
Kaapstad — Laingsburg

ONDERSTEUN ONS BLAD

**INGEVOERDE D.D.T.**

*in*

*OUTOMATIESE SPREIER*

***Aerosol-Bom Insektemiddel***

**DIE KOPERSBOND BEPERK**

kan met genoeë aankondig dat 'n verskeping van bovermelde D.D.T. binnekort beskikbaar sal wees.
Hierdie nuwe proses is die ENIGSTE DOELTREFFENDE metode vir huishoudelike gebruik en was deur die V.S.A.-Weermag gebruik in die Ooste gedurende die oorlog.

*Geen huisvrou kan sonder hierdie wonderlike insektedoder klaarkom nie.*

AEROSOL-D.D.T. word onder hoë druk met Freon-aerosolgas gemeng in 'n staalhouer. Die houer is voorsien van 'n klep wat verstelbaar is ooreenkomstig die grootte van die kamer. Wanneer die klep oopgemaak word, ontsnap net genoeg vloeistof in die vorm van mistigheid om die mure ens. van die kamer heeltemal te bedek. Geen vermorsing vind plaas met hierdie metode nie.

*Plaas u bestellings NOU om teleurstelling te voorkom.*

Ons is ALLEEN-AGENTE vir: Suidelike Afrika, insluitende Kenia, Rhodesië, Mozambique en Belgiese Kongo.

**DIE KOPERSBOND BEPERK**

Posbus 8363 — JOHANNESBURG.
Posbus 2120 — KAAPSTAD.
Posbus 468 — WINDHOEK (S.W.A.)

**ASOKOR BEPERK**

BELEGGINGSMAATSKAPPY BETROKKE BY DIE VLEIS- EN PRODUKTE-HANDEL EN DIE VEE-NYWERHEID

*Direkteure:* Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Econ., LL.B., C. C. Kriel, A. Bickel, A. C. Lombard, Gerard Bekker, L.V., Gordon Tomlinson, Sy edele N. C. Havenga, S. P. Bekker, P. J. du Plessis, Jnr., J. J. Ackermann, C. Miles Warren, L.V.
*Hoofbestuurder:* P. J. Kruger.

**KAPITAAL:**

| | | |
|---|---|---|
| 4,000 | Gewone £25-aandele .. .. .. .. | £100,000 |
| 150,000 | Gewone £1-aandele .. .. .. .. | £150,000 |
| | | £250,000 |

Die 4,000 gewone aandele van £25 elk is reeds ten volle deur die produsente- en verbruikerspubliek opgeneem.

150,000 GEWONE AANDELE VAN £1 ELK WORD NOU AANGEBIED.

1943 — 1944 Diwidend 4%
1944 — 1945 Diwidend 6%

(Omset van filiale vir die afgelope jaar oortref £1,000,000)

*DIE MAATSKAPPY SE AANDELE WORD NIE OP DIE BEURS GEKWOTEER NIE.*

ASOKOR bied veilige beleggingsmoontlikhede aan, omdat die maatskappy hom slegs met die handel in lewens-noodsaaklikhede bemoei, en wel op 'n non-spekulatiewe basis.

*Verkry die prospektus en ander inligting by:*

DIE SEKRETARIS,
Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein

Navrae kan ook gerig word aan die Van Riebeeck Trust Mpy. Beperk, Security-Gebou, Kaapstad

## Vir Ons Vroue

# VERSORG U U KOELKAS?

Die koelkas is seker een van die grootste geriewe in die moderne huishouding — dit bespaar tyd, werk en geld. By 'n temperatuur van 40°F (die gemiddelde temperatuur in ons koelkaste) word die groei van mikro-organismes, wat voedselbederf by kamertemperatuur veroorsaak, vertraag, en kan voedsel dus vir 'n baie langer tyd bruikbaar bly; ook word die vitamiengehalte van vrugte en groente baie beter instand gehou b.v. binne 48 uur by kamertemperatuur sal spinasie, groenboontjies en groenertjies 30—50 persent van hulle Vitamien C verloor, maar word dit by 'n temperatuur van 40°F in die koelkas bewaar, is daar feitlik geen verliese nie. Wetenskaplikes het reeds aangetoon dat bakterieë in melk en vleis teen 'n fenominale spoed vermeerder by kamertemperatuur en dit baie gou ongeskik en selfs gevaarlik maak vir menslike gebruik: sit hierdie voedsel dus so gou moontlik op die koudste plek in die koelkas.

En wat van die heerlike roomys, nageregte, koeldranke en yskaskoeke waaraan ons al so gewoond geraak het in die warm somermaande? Om egter die koelkas se goeie dienste so lank moontlik te behou is dit nodig om dit altyd goed te versorg en wel deur aandag te gee aan die volgende:

1. Plaas die kas op die doeltreffendste plek — as dit in die kombuis is, dan so ver moontlik van die stoof. In geen geval verkieslik nie teen 'n noordelike muur nie. Die kas moet tenminste 2½ duim weg van die muur staan en daar moet 'n spasie van minstens 8 duim bokant die kas wees.

2. Ontvries gereeld: dit is uiters belangrik. Ys is 'n slegte geleier van warmte en vorm 'n insulerende laag om die verkoeler met die gevolg dat die masjien baie meer moet werk om die vereiste lae temperatuur instand te hou. Die laag ys behoort nie dikker as 'n ¼ duim te word nie. Laat die ys self natuurlik smelt en afdrup: moenie met 'n mes of ander skerp voorwerp die ys probeer afbreek nie. Om ontvriesing te versnel kan u die ysbakkies vol warm water maak. Maak dit 'n gewoonte om gereeld te ontvries: 'n lang lewe vir u koelkas hang grotendeels hiervan af.

3. Was die binnekant van die kas met kou water waarin 'n paar druppels ammoniak of bietjie kooksoda opgelos is net na ontvriesing. Was die gomlastiek dele in lou water. Droog alles weer baie deeglik af, pak voedsel in, maak die ysbakkies ¾ vol vars water en stel die kas weer op sy normale temperatuur.

> **ELKE TWEE WEKE**
>
> **Daar sal voortaan elke veertien dae 'n rubriek vir die vroue verskyn in afwisseling met die Boerejeugblad.**

4. Doeltreffende verkoeling van voedsel is afhanklik van voldoende sirkulasie van lug in die koelkas — moet dus nie die kas te vol pak nie: daar behoort spasies te wees tussen die verskillende voedselhouers. Moenie elektrisiteit en waardevolle plek in die koelkas vermors deur voedsel te stoor wat nie verkoeling nodig het nie (b.v. blikkieskos), of deur te groot houers vir 'n klein bietjie voedsel te gebruik nie.

5. Maak die deur so min moontlik oop en maak dit in ieder geval so gou moontlik weer toe. Die warm lug wat instroom moet weer verkoel word en dit vereis werkkrag van die masjien.

6. Dit ooreis die masjien om aanhoudend 'n temperatuur instand te hou wat baie laer is as die normale vereiste. 'n Temperatuur van 40°F in die ruimte van die kas is voldoende. Moet dus nie vergeet om die kontrole weer te verstel nadat u dit op die laagste temperatuur gehad het om 'n gereg vinnig te vries nie: u weet natuurlik dat dit absoluut nodig is om die kas op sy koudste te stel 'n halfuur voordat u 'n roomysmengsel insit om te vries — dit verseker dat die mengsel so vinnig moontlik vries en verhoed sodoende die vorming van yskristalletjies wat die tekstuur van roomys bederf.

7. Vee dadelik enige voedsel wat gemors word op. Suur voedsel b.v. gesnyde tamaties, bederf die glasuur van die porselein.

8. Die masjien van sommige soorte koelkaste moet van tyd tot tyd geolie word: sorg dat u dit gereeld doen volgens die vervaardiger se instruksies. Meeste moderne modelle het egter genoeg olie vir 'n normale leeftyd verseël binne die masjien. Dis egter aan te beveel dat u af en toe 'n bekwame werktuigkundige inroep om die masjien skoon te maak en te kyk of alles in orde is.

9. Dis essensieel dat die deur van die kas baie dig sluit: toets dit deur 'n stukkie papier tussen die deur en die kas vas te knyp — as u die papier maklik kan uittrek as die deur toe is, sluit dit nie dig genoeg nie en dis nodig om óf die gomlastiek om die deur te vervang óf om die deur te verstel.

10. As u weggaan op vakansie: Ontvries die kas, maak deeglik skoon en droog alles goed af, diskonnekteer die elektriese stroom en laat staan die deur oop.

Volgende keer gee ons wenke in verband met die stoor van voedsel in die koelkas.

### O.B.-FOTO'S

**Die Voorligtingskwartier versoek dat mense wat beskik oor goeie foto's van O.B.-sametrekkings, landsdienskampe en leidende figure in die Beweging dit asseblief aan posbus 5754, Johannesburg,, moet stuur met die oog op 'n brosjure wat deur die Voorligtingskwartier uitgegee sal word.**

# Polisie Raai Vroue Om Tuis te Bly

### ERNS VAN MISDAADGOLF

**In dieselfde week waarin die Minister van Justisie die volk probeer gerusstel dat daar geen vrees hoef te bestaan oor die misdaadgolf in die Unie nie, het die polisie van Kaapstad die vroue van die Skiereiland gewaarsku om hulle nie saans na donker alleen op straat te waag nie, om afgeleë plekke te vermy al is hulle vergesel van 'n man.**

Die waarskuwing is uitgereik na aanleiding van die toename van geweldpleging op vroue in die Skiereiland. Die aandag is daarop gevestig dat die geweldplegers hulle slagoffers kies uit persone wat nie in staat is om hulle te verdedig nie.

**Die toestand het so onrusbarend geword dat die magistraat van Wynberg die publiek aangeraai het om vuurwapens aan te skaf en dit sonder aarseling te gebruik wanneer hulle lastig geval word deur inbrekers.**

O.B.-LEDE IS DIE BESTE ONDERSTEUNERS VAN AFRIKAANSE TONEELGESELSKAPPE. HET U AL AAN HULLE GEVRA OF HULLE REISE IN „DIE O.B." GEADVERTEER WORD?

AANDEELHOUERS, ADVERTEER U FIRMAS IN U BLAD ? ?

**MARKAGENTSKAP**
**VROEE MORE-MARK**
**KAAPSTAD**

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

**MEUBELS**

PRYSE STYG VINNIG

**KOOP NOU!**

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

**Werda Meubelhandelaars,**
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

**5 PERSENT**

**Belê u Gelde waar dit veilig is!**
**SPOORBONDKAS BEPERK**
Bied aan winsgewende Beleggings teen die HOOGSTE RENTEKOERSE
Beleggings word gewaarborg en verdien die volgende Rentes:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vaste | Deposito | vir | 1 | jaar: | 3 % |
| „ | „ | „ | 2 | „ | 3½ % |
| „ | „ | „ | 3 | „ | 4 % |
| „ | „ | „ | 4 | „ | 4½ % |
| „ | „ | „ | 5 | „ | 5 % |

Doen aansoek by:—
Posbus 8289, JOHANNESBURG.
Posbus 1860, KAAPSTAD.
Posbus 118, BLOEMFONTEIN.

# Noudat Botter So Skaars Is

Menige huisvrou wens deesdae dat sy haar kwartpond botter bietjie kan vergroot dat dit tog nie so vreeslik gou verdwyn nie. Het u al probeer om die hoeveelheid te verdubbel met behulp van melk en gelatien?

Week een teelepel gelatien in een eetlepel koue water en smelt dit dan baie deeglik oor kookwater. Voeg hierdie gelatienoplossing en ¼ teelepel sout by ½ koppie melk (die melk moet by kamertemperatuur wees). Sny ¼ pond botter in klein stukkies en verhit oor kookwater tot dit sag genoeg is om te klits. Die botter *moenie smelt nie* want dan bederf die geur. Klits nou stadig die melk-en-gelatienmengsel by die sagte botter totdat die melk heeltemal geabsorbeer is deur die botter. U kan ook 'n bietjie geel kleursel byvoeg as u verkies. Laat hard word in die yskas as nie in gebruik.

U kan hierdie mengsel gebruik op brood, wafels, en op warm gaar groente as u opskep, in eenvoudige brood- en ryspoedings, vulsel vir pluimvee en in roereiers. Egter nie vir braai of om panne te smeer nie en u kan dit ook nie sonder meer in koekresepte gebruik om botter te vervang nie.

Met behulp van die mengsel kan u egter heerlike vulsels maak vir toebroodjies en soutgereggies. Maak die bottermengsel sag en voeg dan een of meer van die volgende by: gerasperde kaas, gekapte pietersielie of seldery, gekapte neute (grondboontjies is goedkoop en baie lekker), vispasta, fyngesnyde gaar ham, grondboontjiebotter, hardgekookte eier fyngekap. Geur dit lekker met sout, peper, fyn speserye of mosterd na smaak.

U kan ook 'n heerlike fyn koek bak sonder botter en wel deur gewone kookolie (verkieslik visolie genoem) te gebruik —dis 'n plantolie wat hoofsaaklik van mielies gemaak word en is te kry by alle handelaars. Die benodigdhede is: 2 koppies fyn meel, 1 koppie suiker, 1 koppie melk, 3 eiers, ½ koppie olie, 3 teelepels bakpoeier, knypie sout en geursel — die sap van 'n halwe lemoen en gerasperde lemoenskil, of lemoengeursel is baie lekker.

Smelt die melk en olie saam op die stoof. Klits intussen die eiers goed (wit en geel saam), voeg die suiker by en meng, sif dan die meel, bakpoeier en sout daarby. Meng nou die warm olie- en melkmengsel hiermee. Voeg geursel by. Die mengsel is taamlik slap. Bak en bedien met enige vulsel.

### VULSELS SONDER BOTTER

*Grenadillavulsel:* ⅓ koppie grenadillamoes, ⅔ koppie warm water, 4 eetlepels suiker, 2 eetlepels maizeko aangemaak met bietjie koue water, 2 eiergele. Kook grenadilla, water en suiker saam, voeg nou maizeko by en kook goed. Voeg stadig by die geklopte eiergele, roer op stadige vuur tot gaar, koel af en gebruik.

*Dadelvulsel:* Kook saam ¼ pond ontpitte dadels fyn gesny, 4 eetlepels suiker, 5 eetlepels kookwater, 1 eetlepel suurlemoensap totdat dik, koel af.

'n Eenvoudige *vlavulsel* is baie lekker en word altyd deur almal geniet: 2 koppies melk, 2 opgehoopte eetlepels meel, 3 eiergele, ¼ koppie suiker — maak 'n vla hiervan en voeg geursel by as gaar. Klits eierwitte styf, voeg 2 eetlepels suiker by en vou in die vlamengsel, koel af en gebruik.

**KOOKBOEKIES**

*1/8 ELK — POSVRY*

300 Ways to Serve Eggs.
The Candy Book.
500 Tasty Sandwiches.
500 Dishes From Leftovers.
Sunday Night Suppers Cook Book.
300 Dairy Dishes.
Meals Without Meat.
Dishes Mother Used to Make.
Menu's for Every Day of the Year.
250 Ways to Save Sugar.
250 Ways to Prepare Poultry.
Quick Dinners Cook Book.
The Breakfast and Lunch Book.
250 Pies and Pastries.
500 Snaks, Ideas for entertaining.
500 Delicious Salads.
The Cookie Book.

VOORRAAD BEPERK! BESTEL ONMIDDELLIK!


SO PAS VERSKYN!!
*DIE ONTLEDING VAN DIE KONYN*
Deur Dr. C. S. Grobbelaar . . . . . . . . . 13/9 posvry.

NUWE ROMANS:
WILDE MALVA, deur E. J. M. Fraser — 8/- posvry.
BLOEDSPOOR NA DIE KRATERS
deur R. Hendriks . . . . . . . . . . . . . 8/6 posvry.

KINDERBOEK:
DIE SERFONTEIN-KINDERS
deur Theunis Krogh . . . . . . . . . . 9/6 posvry.

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL,**
**Posbus 29 — Stellenbosch**

# DAKLOSES HOU GODSDIENS



Diep in 'n reuse-skuilkelder in Duitsland word deur die Protestantse Noodleniging snags skuiling teen wind en sneeu verleen aan 'n paar duisend Duitsers wat sonder tuiste rondswerwe Gemengde tipes wat hier vir 'n nag 'n onderdak vind, sluit in voormalige Wehrmacht-soldate, vlugtelinge uit Russies-oorheersde gebiede ens. Voor hulle gaan slaap word aandgodsdiens gehou onder leiding van 'n predikant bygestaan deur 'n vrywilligerskoor.

# „Amptenare Lag Vir Parlementêre Sirkus"

**„Hoe meer ek van die parlement en van die parlementslede sien, hoe minder dink ek van hulle. En vandat ek hulle elke dag sien, verenig ek meer gramskap op my eiesinnige hoof," skryf 'n medewerker van Arthur Barlow's Weekly.**

„Natuurlik bedoel ek nie die sosiale aspek nie. As manne en vroue is die L.V.'s aangename persone, maar sodra as **hulle die gewyde grond van die volksraad betree, word baie van hulle eksentriek, vervelend, radikalisties en onintelligent. Hulle hou langdradige toesprake oor niks; hulle praat sonder ophou oor onderwerpe waarvan hulle òf niks weet nie òf te veel weet, en hulle het blykbaar net die begeerte om hulle name in die pers te sien."**

„Die noodregulasies is 'n verdere bespotting van die parlement:

„Die parlement mag praat en wette passeer, en mag die bestaande wette amendeer, maar soos dinge vandag toegaan (en onthou die oorlog is al geruime tyd verby) is daar dosyne van noodmagte en regulasies wat in werking gestel kan word (en in werking is), wat 'n parlementêre wet onbeduidend en waardeloos kan verklaar."

„Waarom word hierdie regulasies nie herroep nie," vra die blad. „Is dit omdat dit makliker is om deur middel van regulasies te regeer as met 'n omslagtige en lastige parlement?"

„Word daar begryp hoe gevaarlik hierdie presedent is? Dit plaas direkte mag in die hande van 'n paar persone; solank hierdie magte in die hande van behoorlike persone is, is dit nog binne perke, **maar as dit moet oorgaan in die hande van ander, wat dan?"**

### OUDERWETS

**„Daarom het die parlement vandag eenvoudig 'n blote rubberstempel geword. Staatsamptenare lag in hulle mou oor die eienaardigheid van die situasie en oor die ouderwetse belangrikheid van die lede."**

Vandag met die buitengewoon ingewikkelde prosedure neem die parlement te lank om die wette te passeer. **Daar is so baie wetgewing dat die parlement slegs 'n klein deeltjie kan afhandel. Die uitvoerende mag van die land neem gevolglik die magte van die parlement oor en die geroep van die kiesers dat hulle verteenwoordigers nie meer geld nie, is maar alte waar."**

### PARTYBELANGE

„Dis voor die hand liggend dat ons die parlement moet moderniseer. Partyoorwegings gee te veel die deurslag. Die parlement sal baie gesonder en meer verteenwoordigend wees as lede toegelaat word om in die meeste sake te stem waar hulle wil."

„Dit het 'n malle-meule en **sirkus geword waar die dansers op die klap van die baas se sweep dans. Die leeus is dees dae baie getem. Dis 'n jammerte, dat 'n simbool van demokrasie soos die parlement in gevaar staan om 'n nuttelose liggaam te word."**

# *Inmenging In Spanje*

**Die inmenging van Amerika en Engeland in die binnelandse beleid van Spanje en die regering van Franco het daartoe gelei dat die internasionale spanning besig is om in omvang toe te neem. Die grens tussen Frankryk en Spanje is verlede week gesluit.**

'n Korrespondent van The Times berig dat Franco nog baie sterk staan wat die binneland betref omdat die Spaanse volk nog wars van geweldpleging is. **Hulle verleen oor die algemeen dus geen steun aan die opstandstokers uit die buiteland nie, veral nie aan die gewese Republikeinse leiers wat nog teer op geld wat hulle saam met hulle uit Spanje geneem het tydens hul ontvlugting nie.**

SÊ ASB. DAT U DIE ADVERTENSIE IN DIE O.B. GESIEN HET

# Hongerrantsoene Vir Duitsers

**Die rantsoen van die Duitsers in die Brits-besette gebied van Duitsland is verder ingekort, berig United Press.** Daar is verklaar dat indien die inkorting van die rantsoene lank volgehou word, die nywerhede in die hele Duitsland lamgelê sal wees omdat die steenkoolwerkers in die Ruhr nie op hierdie rantsoene kan werk nie.

Die Britse offisiere in die gebied is gewaarsku om die veiligheidsmaatreëls strenger toe te pas in geval daar opstootjies onder die mense plaasvind. **Waarnemers in Berlyn het die mening uitgespreek dat hulle nie kan verstaan waarom daar nie ernstige pogings aangewend word om die voedselnood in Duitsland te verlig nie.**

**„Die drastiese inkorting van die voedselrantsoene in Brits-besette Duitsland wat Maandag in werking getree het, beteken dat 70 persent van die bevolking onder die broodlyn sal moet lewe", berig Sapa-Reuter uit Londen. Die berig voeg by dat wat die Duitse posisie so haglik maak, is dat hoewel dit reeds die laagste rantsoene in Europa is, ander Europese gebiede hul rantsoene op die platteland kan aanvul uit hul eie opbrengs, terwyl die Duitse gebied onder Britse beheer geen landboustreek is nie.**

# *Òf 5d. Òf Mos: Wet Van Kapitalisme*

**'n Voorbeeld van die hopeloosheid van demokratiese beheer wat nog op kapitalistiese grondslag ingestel is, is verlede week weer gevind toe die Sagtevrugteraad duisende kissies druiwe wat vir die mark verpak was, afgewend het van hul bestemming en dit na die parskelders in die Paarl gestuur het.**

Hierdie druiwe is van die beste tafeldruiwe en is teen hoë koste aan geld en tyd deur die boere verpak. **Maar omdat die vasgestelde prys van die Sagtevrugteraad bo die koopkrag van 80 persent van die bevolking is, en die vraag dus kleiner as die aanbod is, word die druiwe nou teen ½d. per pond aan die parskelders weggegee.**

Hierdie vernietiging van vrugte en voedsel in kapitalistiese lande, omdat die volk nie in staat is om daarvoor te betaal nie, is een van die grootste skandale in 'n tyd van algemene skaarste en gebrek.

Dat die mark sogenaamd oorstroom is, is moontlik as daarmee die kapitalistiese bemarkingstelsel bedoel word. **Maar dat die honger van die volk gestil is wanneer die mark oorstok is, weet elke kind dat dit nie so is nie. Dit is 'n stelsel van hoë pryse deur skaarsheid.**

Wat die wêreld en ook ons volk vandag nodig het is 'n stelsel wat in die eerste plaas begaan is oor die gesondheid en voeding van die volk, en daarvoor is vrugte en nogmaals vrugte nodig teen behoorlike vergoeding aan die boer, en betaalbare pryse aan die verbruiker. **En die hele volk, blank en nie-blank, is verbruikers — nie net die paar hoogbesoldigdes wat druiwe teen 5d. per pond kan koop nie.**

### O.B. BLY ROEPING GETROU.

(Vervolg van bls. 1, kol. 5)

met die destydse Eerste Minister het ons gebid om neutraal te kan bly. Maar hulle het ons gedwing om kant te kies en soos eerbare manne en vrouens het ons die kant gekies waarin ons geglo het — die Afrikanerkant en nie die Empire se kant nie. **En ons sal dit elke keer doen wat ons voor die onverbiddelike keuse gestel word. Nooit sal ons daardie keuse repudieer nie, al doen beide sy Majesteit se regering en Sy Majesteit se opposisie dit soos klokslag elke twaalf uur.**

Voortgaande het die K.G. na ons toekomsbeleid verwys en gesê dat die mees ingrypende verandering in die regeringstelsel wat ons bepleit, is die **afskaffing van die partye en hul vervanging deur die georganiseerde bedrywe of beroepe.**

Wat sy parlementêre sienswyse betref, is die O.B. geen party nie en hy het nie die minste bedoeling om een te word nie; maar sy lede het stemme en daar is niks wat ons verhinder om van tyd tot tyd daardie stemkrag te beïnvloed of te kanaliseer op so'n wyse dat dit in elk geval nie teen die O.B. uitgebuit word nie. Sulke oorwegings kom met verkiesingstye. Laat ons nou en hier ons standpunt bepaal teenoor die posisie soos hy vandag te vinde is: Ons het twee groot partye, een is die regering en die ander die opposisie. **Albei is haatvervuld teen ons en albei het hul uiterste probeer om ons te vernietig. Vanselfsprekend gaan geen van beide die steun van die O.B. as organisasie kry nie. Ook kan geen van beide daardie steun redelikerwyse verlang nie, tensy hulle tot 'n inkeer en bekering kom.**

As daar nuwe kragte kom wat hierdie ou partymure wat een Afrikaner van die ander Afrikaner skei, begin verbrokkel, dan wil ek hoop dat die O.B. se sienswyse meer en meer sal deurbreek en dat die moontlikheid van 'n Volksfront dan nie uitgesluit is nie. **So'n front, watter naam hy ook mag kry, wat bestaan uit elemente, partye, vakunies of wat ook al, elkeen met behoud van sy eie**

(Vervolg in voorgaande kolom.)

(Vervolg van volgende kolom.)

**identiteit en saamgespan vir die bereiking van een gemeenskaplike doel, so'n front sal die volle steun van ons Beweging geniet.**

Soos ons die politieke posisie sien, het die partypolitiek ons hele land in so'n haatlike gemors beland dat alleenlik 'n breuk met die onmiddellike verlede wat deur nuwe kragte bewerkstellig kan word, ons uit die modder kan sleep. Sulke nuwe kragte en samespannings sal sonder vooroordeel deur die O.B. oorweeg en geskat word, en as hierdie eersvolgende verkiesing nog te vasgeval is in die modder, is daar des te meer rede om te glo dat die volk voor die daaropvolgende verkiesing vir die boel gaan sat word en tesame met die O.B. sulke nuwe kragte 'n kans sal gee.


# KARROO-VLEISBEURS
## BEPERK

**(Filiaal van Asokor Beperk)**

**Posbus 33, Germiston** | **Posbus 402, Bloemfontein** | **Posbus 765, Port Elizabeth**

Met genoeë word bekend gestel dat die Maatskappy weer 'n groot doelstelling in die diens van die boer verwesenlik.

**DIE SLAGVEE-HANTERINGSKOMMISSIE VAN 2½% IS VANAF 11 FEBRUARIE 1946 VERMINDER NA 1½%.**

● Wat van belang is, is die feit dat die vermindering nie slegs van toepassing is op die slagvee afkomstig van lede nie. Dit is van toepassing op slagvee afkomstig van ALLE ONDERSTEUNERS van K.V.B.

● K.V.B. is BESLIS die ENIGSTE heel skakel tussen produseerder en verbruiker by die bemarking van vleis. Hy dien slegs die enigste belanghebbendes.

● Laat K.V.B. by enige van bogenoemde adresse slagveepermitte vir u reël. Dit sal u goed betaal.